Ladismith Toerisme

8 August 2013

UIT DIE KANTOOR VAN DIE TOERISME BURO

Van my kant.....

Soos die koue weer nader sleep na 'n paar onnatuurlike warm dae, het ek besluit om weer u een en elk in kennis te stel met wat in ons pragtige dorp en sy omgewing aan die gang is en so ook u op hoogte te hou met datums wat belangrik is.

Hierdie is ook ons eerste nuwe uitleg uitgawe. Ek sal ook met elke uitgawe 'n lid se besigheid, akkommodasie fasiliteit, fabriek of restaurant se plek bekend stel en ons lesers meer vertel daarvan

Die navrae storm nog elke dag in vir akkommodasie vir ons twee groot geleenthede in Augustus en Oktober, vir die 13de jaar word die Kannaland Vasbyt aangebied en die die 11de jaar vir die Seweweekspoort MTB.

Die volgende 5 maande is gevul met soveel aktiwiteite in ons dorp! So moenie dit misloop nie!!

Lekker lees en geniet die langnaweek vir die van u wat weggaaan.

Groete

Illona

IN HIERDIE UITGAWE: DROOM PRJEK

Die droom projek vorder goed

Die droom projek vorder en ons almal is so dankbaar dat die Gemeenskap Werks Program by ons aangesluit het om ons te help. Bladsy 1

WELKOM aan al ons nuwe lede.....

Namens die bestuur van Ladismith Toerisme wil ons net graag al ons nuwe lede welkom heet. Dit is lekker om te weet dat nuwe plekkies hul deure oopmaak in ons dorp en distrik! Die nuwe lede is as volg:

Die Nessie Backpackers

R62 Kontreiwinkel

Angora Rabbit Farm

Aan al ons ou lede: Moenien vergeet om jul ledegeld vir 2013/2014 te betaal nie.

Moedig almal aan om lid te word van die Toerisme Buro.

WELCOME to all our new members....

We would just like to welcome our newest members at the Tourism Bureau! What a wonderful feeling to know that more attractions and accommodation facilities are opening their doors to our visitors. The new members are:

Die Nessie Backpackers

R62 Kontreiwinkel

Angora Rabbit Farm

To all our loyal members; please do not forget to pay your annual fee for the year 2013/2014! Encourage your fellow friends to become members of the bureau!

DATES TO REMEMBER:

30/31 August: Kannaland Vasbyt

31 August: NG Kerk Gemeente Fees

7 September: ATKV Gholfdag / Ladismith Gemeenskaps Kunstefees

14 September: HSL Mini Kriekettoernooi (Trompoppies)

24 September: Zoar Erfenisfees

Moenie die Junie tot Augustus uitgawe van die Pick and Pay Travel ideas tydskrif misloop nie. 5 Bladsye prop vol inligting oor ons pragtige dorp en sy omgewing. Waar om te bly en wat om te doen.

Every week we will feature a new facility:

Albert Manor

Heritage accommodation in Victorian Home (circa 1899) -1902) offers warm hospitality and a peaceful stay with beautiful views of the surrounding Klein Swartberg Mountains.

This grand and spacious *three star* Victorian Home (declared National Monument), provides an authentic personal experience of the affluent lifestyle during the boom of the ostrich era.

Situated in the centre of town within walking distance of most restaurants, the garden offers a peaceful getaway where guests can relax and enjoy the birds and the beauty of the Klein Karoo.

Contact details:

Owners:

Bennie and Elizabeth Stroebel

26 Albert Street, Ladismith

028 551 1127

Towerkop kaart

Hierdie week se onderwerp: TOWERKOP

Towerkop (2 198 m) is aan die noordekant van Ladismith geleë en kan van kilometers ver gesien word. Die kop is koepelvormig, 122 m hoog en in twee verdeel deur 'n spleet wat 30 m wyd is aan die bokant en 3 m aan die onderkant. 'n Legende lui dat 'n heks een nag gedurende 'n kwaai storm oor die berg op haar besemstok op huis toe gevlieg het, en dat die rots in haar pad was. Sy het nie die krag gehad om bo-oor te vlieg nie en in haar woede het sy die rots met haar towerstaf geslaan en in twee geklief en kon sy deur die skeur vlieg!! Baie ou inwoners van Ladismith glo dat bose geeste oor die berg waghou.

Die algemene voorkoms van barre rotse gepaard-gaande met 'n aanhoudende wind wat deur die splete loei, kan hiertoe aanleiding gee. 'n Bekende Suid-Afrikaanse bergklimmer beskryf die gevoel in 'n bergklimklub tydskrif as volg: 'Die rots weergee 'n besliste vyandige atmosfeer. Die klimmer voel dat hy daarteen sal moet baklei en, met die bytende wind, loodregte kranse, blink en gepoets soos eboniet, donder- en haelstorms, senuwees van staal moet hê om die klim aan te durf. Een misstap sal 'n val van meer as 160m beteken - Towerkop staan op die rand van 'n afgrond'.Gustav Nefdt - 'n 23-jarige Ladismitter – was die eerste persoon om Towerkop in 1885 uit te klim.



Indien enige iemand meer inligting verlang kontak my gerus.

-Ladismith Toerisme Buro se algmene jaarvergadering sal op die 28ste September plaasvind. Hou solank die datum oop. Plek en tyd sal aan u deur gegee word.-